B2402

KERK EN SAMELEWING 1990

'N GETUIENIS VAN DIE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

SOOS AANVAAR DEUR DIE
ALGEMENE SINODE
VAN DIE
NED GEREF KERK
OKTOBER 1990

KERK EN SAMELEWING

'n Getuienis van die Ned Geref Kerk
Uitgegee deur die Algemene Sinodale Kommissie
Versprei deur Pro Christo-Publikasies
Posbus 19 Bloemfontein 9300
Geset in 9 op 10 punt Univers
Gedruk en gebind deur die
N.G. Sendingpers Bloemfontein 9301
Eerste uitgawe 1986
Hersiene uitgawe 1990

ISBN 1 86804 107 7

VOORWOORD

Kerkwerk is mensewerk. Daarom is dit nooit finaal afgehandel nie.

Met die beleidstuk Kerk en Samelewing het die Algemene Sinode van Kaapstad in 1986 die eerste moedige treë gegee om 'n ongelukkige beeld van die Ned Geref Kerk af te skud. Daardie dokument het meer as rimpelings aan die oppervlak veroorsaak. Maar die werk wat daarmee begin is, het voortgegaan.

Daar is geluister na mekaar en na advies van buite. Daar is veral wéér geluister na die Heilige Skrif. Daar is geweeg en geselekteer, gestudeer en geformuleer — in gesprekke en vergaderings, in kommissies en in die Sinode self.

Die Algemene Sinode van Bloemfontein bied met die hersiene dokument *Kerk en Samelewing 1990* die vrug van sy verdere besinning aan as getuienis van sy siening op die roeping van die kerk — in 'n tyd wat gelaai is met nuwe uitdagings.

Die Ned Geref Kerk bied dit ook aan as teken van sy integriteit, as riglyne vir sy lidmate en as uitnodiging tot gesprek met die ekumeniese gemeenskap — met die één gebed in ons harte dat ons ook langs dié weg die koninkryk van Christus dien.

P C Potgieter
Moderator, Algemene Sinode 1990

Bloemfontein
Oktober 1990